



## Hierdie Ocmis sien kans vir miswater

**Die Ocmis is 'n netjiese, kompakte eenheid met 'n spuitstraal van 25 meter.**

Pontenilo is 'n Italiaanse woord wat 'brug oor die Nyl' beteken. Dit is die naam van Jan-Hendrik Jacobs se melkplaas tussen Warmbad en Nylstroom en dit is ook die rivier waaruit hy sy water verkry om sy aangeplante weiding te besproei.


Jan-Hendrik het waterregte vir 45 hektaar en die kosteknyptang het hom gaandeweg begin dwing om elke hektaar daarvan te benut. "Voer vir melkbeeste is deesdae geweldig duur en ek moet so veel as moontlik voer self produseer om winsgewend te kan melk," sê hy.

Na maande se rondsoek en somme maak het hy gesien dat 'n spilpunt of sprinkelbesproeiing nie vir sy boerdery gaan werk nie. Hy het toe drie maande gelede op die Ocmis MRR58/200 afgekom en die model het so netjies in sy boerdery gepas dat hy besluit het om twee eenhede te koop. "My kampe se afmetings is almal 40 m by 200 m, wat presies die reikwydte van 'n Ocmis-spuit is."

Die Ocmis MRR58/200 is 'n gerieflike, kompakte eenheid met 'n 58 mm waterpyp wat 200 meter ver uitgetrek kan word. Tydens benutting katrol die basiseenheid die spuiteenheid loodreg op sy baan in terwyl die pyp netjies en presies volgens 'n vasgestelde metode op die spoel opgerol word. "Ek stel die spuit sodat die 200 meter oor agt uur benat word. Ek kan dus saans ook die spuit stel sodat ek nog 'n spuitsessie deur die nag kan inwerk."

Jan-Hendrik het reeds 32 hektaar onder stergras, kikoejoe en voersorghum wat uitstekend met die Ocmis en die Nyl se water presteer en hy gaan binnekort die res van die grond ook benut.

Hy het ook 'n Holstein-melkery en verpak sy eie ongepasteuriseerde melk en joghurt wat hy aan gesondheidswinkels en uitgesoekte kliënte in die omgewing bemark. "Alhoewel ek nie maklik ten volle organies sal kan word nie, is my strewende om dit so ver as moontlik te doen."

"Wat my veral baie opgewonde maak, is dat die Ocmis die enigste spuit is waarna ek gekyk het wat my afval miswater uit die melkery kan hanteer om op die lande te spuit. Die spuitkop wat ek nou op het, is 'n allemintige 16 mm dik en sal die miswater uitstekend hanteer," sê hy. "Ek kan nie wag om binnekort my eie organiese voedingsbron vir my weiding aan te wend nie." 



Skakel Tobie van den Heever by 082-658-6054 of 012-736-2121 of e-pos [tobie@iunlimited.co.za](mailto:tobie@iunlimited.co.za) vir meer inligting. Kyk na al hulle modelle by [www.iunlimited.co.za](http://www.iunlimited.co.za).

**Jan-Hendrik Jacobs beduie hoe maklik die netjiese en kompakte Ocmis MRR58/200 hanteer word.**



## Ons is die mens-mense.

Kaap Agri is veel meer as net een van Suid-Afrika se grootste landboudienstegroepe. Ons is ook mense wat omgee vir mense. Na meer as 100 jaar in die bedryf is ons trots op ons uitmuntende standaard van dienslewering. Of jy nou 'n kleinhandelklient is op soek na selfdoen-en buiteleweprodukte teen uitstekende pryse, en of jy in die landboubedryf is en advies verlang oor meganisasie, finansiële dienste, saad, die verhandeling en opberging van graan, of oor produksie-insette, ons het die kennis en ervaring om jou te help.

Ons netwerk van bykans 150 bedryfspunte in 84 dorpe en streke strek reg oor Suid-Afrika en Namibië. Ons streef altyd daarna om 'n positiewe impak op ons kliënte se lewens te maak deur 'n goeie begrip van hul behoeftes te hê en dit aan te vul met uitstekende dienslewering deur ons bestuurders en personeel, wat werklik omgee!

**Groep hoofkantoor:** Voortrekkerweg 65, Malmesbury, RSA, 7300  
Tel: +27 (0) 22 482 8000, [www.kaapagri.co.za](http://www.kaapagri.co.za)

**KAAP**  **AGRI**